# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Standard Bank Spaar
Rek no: 044396058/Bank Kode: 051001

18 Oktober 2012
Dagsê Almal
Die Here sorg en voorsien mildelik by die Eljada Huis en soms word ek ook tot stilstand gebring soos Saterdagnag. Die rooi kombi se koppelaarplaat gee toe die gees ongeveer 1km van die huis af. Dis tienuur die aand en ek bel vir CrisisOnCall om hulp te stuur. Soos die gebruik stuur hulle vir my 'n plat bak voertuig om die kombi huis toe te vervoer maar wat hulle nie weet nie is dat alles wat Saterdag by die heerlike GK Rietvallei se feesvieringe oorgebly het in die kombi gelaai is vir die huismense. Dis koeke, terte, vleis, sous, suiker en nog vele meer maar niks is behoorlik verpak sodat dit nie kan rondskuif nie. Ek het stadig gery om alles nie deurmekaar te maak nie en hier staan hierdie platbak voor my en ek besef as hierdie kombi se neus nou gelig word, gaan dit chaos veroorsaak. Ek oortuig toe darem die insleepdiens om my net om die hoek tot by die huis te sleep. Sondag oggend het almal heerlik gesmul aan Saterdag se oorblykos. Baie dankie Rietvalleiers vir julle wonderlike ondersteuning. Soos beloof wil ek graag die gesinne voorstel vir die feestyd se ondersteuning:

- Corlia, Samuel, Su-Marie(18), Tanya(17) en Tom(14) Smith
- Lucy en John-Dre(6) Bouwer en haar ma Lucia woon saam.
- Jo-anne en Donovan(3) Bouwer
- Erna van Niekerk
- Hetty en Roland van Rooyen
- Sonja Bianchina
- Jenny, Lucas, Ingrid(22) en Inge(10) van Vuuren
- Rosa Cooper (ja sy is terug)
- Pieter Koekemoer
- Malcolm Smith
- Danie, Chantelle, seuntjie(3) en baba

Ek sal baie bly wees indien een gemeente per gesin kan help. Laat weet maar so gou moontlik asseblief.
Weereens baie dankie vir die geskenkpakkies vir die bejaardes wat ek reeds ontvang het maar ek het nog heelwat meer nodig asseblief. Klein "fees" kospakkies sal ook welkom wees vir hulle.
Ons kombuis is bedrywig en 'n paar sommetjies het getoon dat ons Augustus daartoe in staat was om bykans 1000 monde te voed. September met die kom en gaan van mense is die getal op 800. Dit is alleen genade en julle hulp wat dit moontlik gemaak het. Daarom weereens die vrymoedigheid om te vra vir die volgende:
Margarien, koffie, eiers, suiker, boksmelk, macaroni, blikkies vleis, vis en groente en aanmaak koeldrank. Ek het genoeg toiletware voorlopig.

Baie dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete Annatjie